KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 20 :11-31
**Tema :** …om ook aan ons wonde geken te word.

## BROODJIES VIR DIE PAD

"In my deepest wound I saw your glory, and it dazzled me."
— St. Augustine

"I wanted to see you again, touch you, know who you were, see if I would find you identical with the ideal image of you which had remained with me and perhaps shatter my dream with the aid of reality.
-Victor Hugo-

IF DEATH WAS TO be truly defeated, it was only by dying himself that Jesus believed he could defeat it. If he was to reach the hearts of men, it was only by suffering his own heart to be broken on their behalf that he believed he could reach them. To heal the sick and restore sight to the blind; to preach good news to the poor and liberty to the captives; to wear himself out with his endless teaching and traveling the whole length and breadth of the land—it had not worked because it was not enough. There had to be more. "He set his face to go to Jerusalem," the Gospel says, and it was a journey from which he seems to have known that he would both never return and return always even unto the end of time and beyond.
-Frederick Buechner-

*Ligjare*

*my onthou van jou, ma*
*begin vinnig vervaag*
*ek onthou grepe van ons gesprekke*
*oor jou liefde vir lees, filosofie en astronomie*

*jy het my vertel van verre sterrestelsels*
*ek onthou jy het die helderste sterre vir my uitgewys*
*soos Sirius, Canopus, Betelgeuse en die Suiderkruis*

*as 'n dromer (en denker) het jy geglo*
*met die dood begin ons volgende reis*
*jy het gesê ons is swerwers*
*wat net vir 'n wyle vertoef*
*elkeen in 'n tydelike omwenteling*
*om eendag weer te vertrek*
*na 'n volgende, veraf bestemming*

*maar ma, as jy kan*
*op jou reise van*
*komeet na planeet*
*staan eers 'n rukkie stil*

*jou lig is nie meer vir my so helder nie*
*jou stem verdwyn in golwe van gesuis*
*ma, deur my lens is jou beeld besig om te verflou:*

*daar is reeds drie-en-dertig ligjare*
*tussen my en jou*
*-Jacques Boshoff-*

"Children show scars like medals. Lovers use them as a secrets to reveal. A scar is what happens when the word is made flesh."
— Leonard Cohen, The Favorite Game

"Only the wounded healer can truly heal.
— Irvin D. Yalom, Lying on the Couch

"Not all addictions are rooted in abuse or trauma, but I do believe they can all be traced to painful experience. A hurt is at the centre of all addictive behaviours. It is present in the gambler, the Internet addict, the compulsive shopper and the workaholic. The wound may not be as deep and the ache not as excruciating, and it may even be entirely hidden—but it's there. As we'll see, the effects of early stress or adverse experiences directly shape both the psychology and the neurobiology of addiction in the brain."
— Gabor Mate, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

*Oneindige grens van die horizon deur prof Anton van Niekerk.*

Een van die opwindendste avonture van die wêreld van nadenke is die ontdekking van die onvanselfsprekendheid van die vanselfsprekende. Min dinge in ons ervaringsveld illustreer dit beter as die verskynsel van die horison.

Waar sien ons die horison die beste? Die meeste van ons dink dadelik aan die gewaarwording as ons seewaarts wegkyk van die land. Die horison is die lyn

waarop die hemelkoepel van die lug die see "ontmoet". Dit is "so ver as wat ons kan sien". Of is dit?

Die horison is dáár – konkreet, sigbaar. Tog slaag ons nooit daarin om die horison te bereik as ons daarheen beweeg nie. Want soos ons nader kom, so skuif die horison (op see of land) terug.
Hieruit blyk dat die horison op een of ander manier te make het met hoe ons mense is. Die horison is dáár – skynbaar konkreet en bevatlik, en tog bly dit onbereikbaar. Dit verskuif voortdurend na die mate waarin ons, wat die horison soek, ons ruimtelike posisie verander.

Een van die eerste vrae wat hierdie vreemdheid oproep, is: Is die horison "buite" of "binne" ons? Op die oog af is dit "buite" ons, want ons kan dit waarneem "buite" onsself. En tog is die horison net soveel, indien nie méér nie, "binne-in my". Wáár die horison sigself bevind, is 'n funksie van waar ek my op 'n gegewe oomblik bevind.

'n Tweede sentrale insig wat ons moet begryp in pogings om iets van die horison te verstaan, is dat die horison die ononderhandelbare voorwaarde is vir 'n mens om hoegenaamd iets te kan waarneem.

Sterker gestel: Om hoegenaamd iets te kan sien of waarneem, moet ek beperk kyk en sien. Doen gerus die denkeksperiment om te kyk of jy "onbegrens" kan sien. Dit is onmoontlik: om van enigiets visueel sin te maak, moet my gesigsveld (horison) 'n "gesigseinder" (ook 'n horison!) hê.
Ek sou selfs wou argumenteer dat die enigste sin wat ons kan maak van die idee om onbeperk te sien, is om te volstaan met die spekulasie dat om onbeperk te sien, is om soos God te sien – iets wat 'n mens kan sê sonder die vaagste idee van wat dit mag beteken.
Wat dan is die horison? Die Nederlandse filosoof C.A. van Peursen noem die horison die "vertaling van die mens in die wêreld". Ons leef in 'n radikaal menslike wêreld omdat ons slegs kan sien vanuit die omraming van 'n horison.

Die horison is daarby nie slegs 'n korrelaat van ons visuele vermoëns nie. Die horison is ook 'n metafoor van die manier waarop ons mense in die wêreld is. Ons is wat ons is omdat ons geword het wat ons is vanuit die begrensinge van 'n fisieke, geestelike en kulturele raamwerk. Dis omdat ons slegs kan leef binne die beperking van die horison dat die wêreld vir ons 'n tuiste ("Heimat") geword het.

Die metafoor van die horison speel op verskeie vlakke van ons menslike bestaan deur. So, byvoorbeeld, is die taal 'n horison. Die tale wat ons praat, lees en skryf, onthul vir ons wêrelde wat gans ontoeganklik sou wees daarsonder. Taal kan, soos die Duitse filosoof Hans-Georg Gadamer aangetoon het, ons beklem soos 'n gevangenis as dit ons slegs een, vervelige deuntjie (nasionalisme, federalisme, sosialisme) laat sing.

Tog kan die woorde van die taal ook wêrelde opwek. Dit kan ons moontlikhede laat sien (via diversiteit en transformasie) wat ons horisonne omvorm tot vergesigte wat ons bevry van verstoktheid en benepenheid met ouwêreldse konserwatisme.

Die horison vorm en bind ons, terwyl dit terselfdertyd ons bevry en ons nuut laat sien. Vanselfsprekend, dog ook so onvanselfsprekend.

*Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.*

---

## BROOD VIR DIE PAD

*Geestelike Waardes: 'n Herinnering aan ellende en ¬aan opstanding*

Nie ver van die Notre Dame-katedraal in Parys nie, is 'n indrukwekkende gebou bekend as die Hôtel-Dieu.
Dit is nie 'n hotel nie, maar 'n hospitaal wat waarskynlik terugdateer tot die sewende eeu, wat dit heel moontlik die oudste hospitaal in volgehoue gebruik ter wêreld maak.

Die benaming Hôtel-Dieu – wat dikwels ook meer algemeen vir 'n hospitaal gebruik word – roep die betekenis van "Hotel van God" op. Dit is so genoem omdat dit vir baie eeue deur die Rooms-Katolieke kerk bedryf is, met nonne wat 'n versorgingsrol gespeel het. En dit is dalk ook teologies gepas om na 'n hospitaal, waar daar ook soveel ellende beleef word, te dink as 'n ruimte waar God spesiaal teenwoordig is, ook in die gestalte van dokters en verpleegpersoneel.

Volgens historiese bronne het die Hôtel-Dieu aanvanklik nie net vir siekes en verwondes skuilplek en hulp gebied nie, maar ook vir reisigers en ander noodlydendes. Sorg is aan almal gebied, sonder inagneming van burgerskap of geloof. Sommige bronne wys verder dat die situasie in die hospitaal dikwels haglik was weens die feit dat daar te min beddens was. Vandag is die Hôtel-Dieu de Paris 'n moderne hospitaal waar daar ook belangrike mediese navorsing gedoen word.
'n Hele aantal jare gelede besoek ek en my vrou Parys. Ons het kort tevore gehoor dat haar pa se gesondheid verswak het en dat hy sterwend is. Nadat ons saam met talle ander toeriste deur die Notre Dame-

katedraal beweeg het, stap ons verby die Hôtel-Dieu-gebou en besluit om dit van nader te beskou. Die mooi binnehof het ’n welkome oomblik van rus en kalmte van gees gebied. ’n Latynse inskripsie op een van die mure het ons opgeval: Ego sum resurrectio et vita.

Dit is woorde uit Johannes 11:25, waar Jesus in die konteks van die susters Maria en Marta se hartseer oor die dood van hul broer Lasarus sê: “Ek is die opstanding en die lewe.” Jesus spreek dus hierdie woorde uit te midde van droefheid en diep emosie. En op ’n manier voel dit reg dat die praat oor opstanding en lewe nie losstaan – soos die hospitaal in Parys ook herinner – van leed en ’n gevoel van verlatenheid nie.

Tans herdenk Christene oor die wêreld heen die opstanding van die gekruisigde Jesus. En in hierdie dae van Pase kan liturgieë, musiek, kuns, taal en stilte opnuut ruimtes skep wat ons herinner: dit is dikwels midde-in die ervaring dat dit nie vir ons soos Paasfees voel nie wat die hoop, vreugde en lig van Paassondag vorm vind. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*